

JOB

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

Job: Agtergrond

- Job is een van 5 poëtiese boeke in die Ou Testament:

- ✓ Job
- ✓ Psalms
- ✓ Spreuke
- ✓ Prediker
- ✓ Hooglied

Anders as Afrikaans & Engels rym Hebreeuse digkuns nie

Job: Agtergrond

- Job was die kleinseun van Esau
- Job was die eerste boek van die Bybel wat geskryf is
- Datum van gebeurtenis is onbekend – dalk 400 VC
- Skrywer onbekend. Moontlike skrywers: Job, Elihu, Moses, Salomo
- Vandag is Us, waar Job gewoon het, in Uzbekistan



Chaldea

Egypt

Edom
Teman (Eliphaz?)
Midian
Uz?

Tema

Arabia

Saba (Sheba)

Job: Tema

- Sentrale tema:

'n Soeke na God

*Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind,
maar kon kom tot by sy woning!* (Job 23:3)

- Verlies van alles – familie, besittings, gesondheid: Job bly getrou
- Lyding? God verwys nooit na Job se lyding nie

Job: Inhoud

INDELING

- Inleiding – Job 1-2
- Poëtiese dialoog (gesprekke tussen Job en sy vriende)
– Job 3-42:6
- Epiloog (narede) - Job 42:7-17

Job: Inhoud

Poëtiese dialoog (gesprekke tussen Job en sy vriende) –
Job 3-42:6

- Lyding is die straf vir sonde.
- God is 'n regverdige God.
- Daarom moet Job skuldig wees aan een of ander sonde en is God besig om hom te straf.

Job: Inhoud

Job self:

- Vervloek die dag wat hy gebore is
- Word deur God gestraf sonder rede
- Beweer daar is geen regverdigheid nie
- Bly getrou ongeag dat hy nie verstaan nie
- In Job 42 “repent” hy nadat God hom gekonfronteer het

Job: Inhoud

Epiloog (narede) - Job 42:7-17

- Job en sy vriende glo dit is God wat straf
- Job bevraagteken God oor die oorsaak van sy lyding
- God vat Job aan (Job 38-42)
- God seën Job meer as ooit vantevore
- Satan word nie genoem nie

Job in die Nuwe Testament

JOB IN DIE NUWE TESTAMENT

- Job se antwoorde word in die Nuwe Testament gegee
 - Deursettings vermoë (Jakobus 5:11)
 - Man blind omdat hy gestraf word? (Johannes 9:2)
 - Paulus se doring in die vlees (2 Kor 12:7-9)
 - Geloofshelde sterf sonder om belofte te ontvang (Hebreërs 11)

Job: Wat beteken die boek vir ons vandag?

Lesse uit Job:

1. Job was GETROU ongeag omstandighede
2. Job was 'n oorwinningsinstrument in God se hand al was hy nie bewus van wat in die geeswêreld gebeur het nie.
3. God gee toestemming aan satan om mense te versoek volgens ons vermoë om te volhard
4. God was GETROU: Hy het nie toegelaat dat Job bo sy perke versoek word nie

Job is nie 'n storie van Geduld of lyding nie

***Job is 'n verhaal van GETROUHEID en
OORWINNING deur ons verhouding met God***

